

UITWISSING BEGIN HIER

'n Oorlog het die manier om die mens tot soberheid te ruk en die psige weer na sy oorsprong en kern terug te bring.

EKONOMIESE STUIPTREKKINGS

ZIM HERVAT GRONDGRYP

AARDSKOKKE

EN MEER...

DIE VAANDELDRAER





INDEX

UITWISSING BEGIN HIER	4
BRING BYMEKAAR...	5
DROOGTE: SA SIT OP KRUITVAT	7
AARDSKOKKE	8
MENS WIL HUIL	9
EKONOMIESE STUIPTREKKINGS	9
ZIM HERVAT GRONDGRYP	10
SKAAKSPEL IN DIE MIDDE-OOSTE	10
DAG VAN ONHEIL	11
NG KERK LOOP LEEG	13
HULLE KRY SWAAR	15
JAPAN SKUD WEER	16
ENERGIE	16
AMBASSADES SAL ONTRUIM WORD	18

Posbus 316, Ladismith, 6655

Bestellings: verkope@vaandel.co.za

Tel: 028 551 2516 Faks: 086-270 6347

Navrae: info@vaandel.co.za



VAN DIE REDAKTEUR

Dis hierdie maand presies 50 jaar na Dr. Verwoerd se dood.

In Deut. 28:1-6 belowe Vader dat as jy na sy stem luister en sy gebooe sorgvuldig onderhou, sal Hy jou die hoogste stel bo al die nasies van die aarde; en hierdie seëninge sal joune wees: geseënd sal jy wees in die stad; geseënd sal jy wees in die veld; jou nageslag sal geseënd wees; die oes op jou land, die vrug van jou vee, die aanteel van jou beeste en die aanteel van jou kleinvee. Ook sal daar altyd kos op jou tafel wees. Ek het in die laat-vyftigs in die Jeugsentrum in Pretoria gebly waar ek gewerk en studeer het. En uit eie ondervinding kan ek vandag sê Dr. Verwoerd het die gebooe van die Vader stiptelik nagekom:

- Ons was van die ander nasies afgeskei.
- Ons is nie toegelaat om te verbaster nie.

- Vreemde nasies is nie in ons plek van aanbidding toegelaat nie.
- Die gays is as 'n gruwel beskou.
- Ons was die kop en hulle die stert.
- Ons het die Sewende Dag eerbiedig — al het ons dit 'Sondag' genoem, en
- Ons was ook die mees geseënde volk op aarde.

Daar was ook 'n wet wat swartes verplig het om na sonder in hulle kamers te bly totdat die son weer opkom. En ons jong klomp het dikwels Saterdaggaande tot twee-uur die oggend tot in Arcadia 'window shopping' gaan doen en dan by 'n kafeetje naby Pretoriastasie gaan sit en kerrie en rys eet. (Nou kan jy dit oordag nie eens daar waag nie).

Selfs die Daily Mail van 30 Julie 166 (net meer as 'n maand voor Dr. Verwoerd se dood) skryf: "Suid-Afrika is 'n skitterende voorbeeld van vrede op 'n onstuimige kontinent...die volk ly aan 'n oorversadiging van voorspoed en die oposisie teen apartheid is ontman"

Waarlik ons was 'n geseënde volk. Maar na sy dood het Deut. 28:15 ingeskop en sit ons vandag onder 'n vloek: "Maar as jy nie luister na My stem, dan sal al hierdie vloeke oor jou kom en jou inhaal..." Ons ken vandag al daardie 'vloeke'.

Ek onthou die tragiese gebeure van Dr. Verwoerd se moord nog asof dit net gister gebeur het. Ek was by die werk toe my oudste broer my bel en daarvan sê. Later die middag toe ek huis toe ry, het 'n klomp swartes voor 'n kafee in Paul Krugerstraat gedans en gesing. En op daardie oomblik het ek 'n gevoel van beklemming gekry, 'n gevoel wat ek nooit weer kon afskud nie...

Nou het 'n donkerte ons oorval en lyk dit asof dit verby is met ons as volk; maar ek glo met my hele hart, siel en verstand ons is hier met 'n Bestemming — die Lig sal weldra deurbreek en DAN sal ons 'sien' hierdie land is en was nog altyd ONS land!

UITWISSING BEGIN HIER



Wat sal die geskiedskrywers van die toekoms oor ons as Boervolk sê? Dat ons agterlik was? Verdrag en dom? Dis wat die media vandag van ons sê, maar soos wat die jare aanstap, kom daar klaarheid en helderheid en onpartydigheid en sal ons baie moontlik ons regmatige plek in die geskiedenis van die blankes inneem. Ons sal onthou word vir Bloedrivier, Bloukrans, De Klerk se verraad, en ook dat ons die veragtelike Mandela vrygelaat het.

Niks bly vir lank dieselfde nie, soos wat dit met Suid-Afrika die afgelope 25 jaar gegaan het. Die tyd gaan vinnig verby. 'n Bloedige oorlog staar die wêreld in die gesig en wie sal hom daarna nog aan ons dinge steur? Wie sal dan nog probeer om 'uniek' te wees en hard probeer om ander jou te laat raaksien? 'n Oorlog het die manier om die mens tot soberheid te ruk en die psige weer na sy oorsprong en kern terug te bring. Tot dan moet ons die aanslag verduur.

Die tekens van die einde is oral. Rusland het nou alle bande wat daar nog met die VSA was, verbreek. Hulle maak gereed vir die Groot Oorlog met angswekkende wapens in hulle arsenaal, maar 'n mens kan nie dieselfde sê van Amerika nie. Hulle is nog vasgeval in hulle enorme ego wat sê dat hulle die reg het om die wêreld te oorheers en hulle soek in elke klein landjie moeilikheid. Of hulle gereed is vir so 'n oorlog, is te betwyfel, want hulle weermag is op die oomblik oor die hele wêreld in splintergroepe versprei.

In die sestigerjare was daar 'n stryd tussen die Chevaanhangers en die Ford-aanhangers. Vandag kies jy kant tussen Rusland en Amerika en dalk is nie een van die twee die een op wie jy jou waardelose geld moet verwed nie. Amerika is nou soos 'n wilde perd sonder teuels, en Rusland ... wel, dis Rusland. Hulle is 'n harde volk wat swaarkry baie goed ken, maar hulle het die getalle en die wapens.

Terwyl Amerika oraloor vure aansteek en groot praat, het Poetin hom vir oorlog voorberei.



Wat ons betref, het Siener gesê hierdie oorlog sal al goed aan die gang wees wanneer ons dinge eers begin.

En hoe lyk 'ons dinge'? Die swarte is oor baie dekades daaraan gewoond gemaak om alles gratis te kry. Hulle is vertel dat die blankes alles van hulle gesteel het en dat dit nou tyd geword het om terug te eis.

Dis ironies dat lande soos Swede, Frankryk, Engeland en Duitsland wat hulle jare lank daarvoor bewywer het om ons deur die swartes te laat uitwis, nou self daardie lot in die gesig staar.

Soos hier by ons gaan die swartes ook die ekonomieë van daardie lande laat inmekaar sak. 'n Mens mag seker nie lekkerkry nie, maar mens is maar mens. Hulle verdien wat hulle gaan kry. Daar is net nooit opgehou met inmenging in ons land se huishoudelike sake nie. Ons is beroof, verkleineer, vertrap en uiteindelik verlaag tot bywoners in ons eie land. Wanneer dinge vir hulle gaan skeefloop, sal hulle nie meer die tyd, die geld of die lus hê om nog hier in te meng nie. Ons moet net die hart hê en gereed wees om dan terug te vat wat aan ons behoort.

Nou moet ons voorlopig van die buiteland vergeet. Hier is hongersnood en chaos aan die kom, en ons het reeds 'n ernstige watertekort. Daar sal nie hulp van ander lande wees nie, want hulle sal met dieselfde of groter probleme sit. Presies wanneer die hongersnood hier gaan toeslaan, kan niemand met sekerheid sê nie, maar kom gaan dit kom. Daar is nog kolle in die land waar daar oeste is, maar nie naastenby genoeg om hierdie miljoene kaalvreter se pensee vol te maak nie!

Met soveel miljoene in die land, sal ons nie vir baie lank kan uithou nie. Kospryse styg reeds buitensporig en dit sal aanhou styg, terwyl veral die blankes hulle werk verloor en niks meer kan bekostig nie ... nie eens kos nie. En die miljoene der miljoene wat

hier in plakkerskampe sit (in Soweto alleen is daar 15 miljoen swartes) is die rede waarom Amerikaanse wetenskaplikes hulle oog op ons het.

Voëlgriep dop so af en toe uit en dan moet duisende volstruise geslag word om dit onder beheer te kry. Tot nou toe kan dit nie na mense oorgedra word nie. Daar is egter 'n nuwe stam ontwikkel wat blitsvinnig versprei — en as dit vrygelaat word? Dit sal net die gekleurde rasse besmet, insluitende basters en Chinese. Daar word gesê dis ongeneesbaar — en dit gaan in Afrika (ook Suider-Afrika) vrygelaat word.

So sal die Weste dan sy ewige liefde vir sy swart broer kan demonstreer — 'n liefde met die dood as beloning!

Diegene wat so graag oor die grenslyn 'kuier', moet maar lig loop. As hierdie gogga jou beetkry, weet dan daar is niks wat die mediese wetenskap vir jou kan doen nie. Bly binne jou rasgroep, tussen mense soos jyself, met ander woorde, jou naaste. Dan het jy 'n 100% kans om te oorleef.

Die geskiedenis word nie gemaak deur mense wat daarop uit is om op die voorpunt te wees nie. Dis nie hulle wat 'n verskil maak nie, dis die hele volk se besluite, se optrede, se moed, of lafhartigheid, wat die annale van die geskiedenis gaan skryf.

BRING BYMEKAAR...

Hierdie land dra die stempel van die Boer se pionierswerk in elke sin van die woord, soos die name van berge en riviere, visse en diere, bosse en bome, plase en dorpe en stede getuig.

Dis ons vaderland, ons het hom nie gesteel nie, ons het hom verwerp op elke wettige wyse van die volkereg: deur besetting, deur verowering, deur die uitruil van gebiede, deur die aankoop van grondgebied.

En as ons hierdie land moet prysgee, omdat daar deur Afrikaners aan ons vertel word dat ons nie die morele reg het om hier te regeer nie, of dat ons nie meer die wil het om hier te regeer nie, dan is dit die ergste verloëning van patriotisme 'n rasionalisasie van lafhartigheid en verraad.

Die tweede element van nasionalisme is die kulturele identiteit, die onderskeiding van hierdie volk deur sy taal, en sy kultuur, waarvan die handhawing hom onderskei van ander volke, en wat weens ingebore gebondenheid aan wat hy is en wat hy het, hom die dryfkrag gee daarom te behou.

Die ander element van die nasionalisme is die geskiedenis. Ons is die verlengstuk van ons verlede. En die geskiedenis is die geheue van 'n volk. As gevolg van die geskiedenis weet ons waarvandaan ons kom en kan die geskiedenis gebruik word as 'n kompas vir die pad vorentoe. Maar die geskiedenis lewer ook 'n volk se heldedom wat in tye van krisis 'n bron van begeesting is.

Wat die geskiedenis betref, moet ons nie net dink aan die geskiedenis wat ver terug lê nie, maar ook aan die geskiedenis van naby en van ons eie tyd: die tyd van 'n Hans Strijdom en Hendrik Verwoerd byvoorbeeld. Daardie manne het van die dertiger- tot die sestigerjare nie met die wapen geveg nie, maar met toewyding en opoffering en gebondenheid aan hulle volk se reg en strewe na vryheid het hulle net so 'n heldestryd gevoer as wat die Boere-generaals in die Engelse oorlog gevoer het. En hulle verdien dieselfde heldeverering. Die aard van hulle stryd toon 'n sterk parallel met dié van ons eie tyd.

Ons sal moet besef dat die stryd al meer in Suid-Afrika 'n stryd sal word tussen nasionalisme en kommunisme. Dit is een van die mees voorspelbare dinge waarop 'n mens jou verwagtings kan stel.

Die nasionalisme erken volksgrense. Jy kan net jouself wees en vry wees binne jou eie begrensde volk.

En binne jou volk kan jy 'menseregte' geniet. Maar sodra jy buite jou volk en oor ras- en volksgrense heen 'menseregte' erken, begin die verval van alle waardes. Daar kan geen gemeenskaplike standaard wees wanneer jy oor die rasse-grense beweeg nie.



Die nasionalisme is niks as dit nie die erkenning is van jou reg op voorkeur vir jou eie nie. Jy skuld aan niemand 'n verskoning of verduideliking dat jy

Hy is 'n swart Moslem en sy 'n wit 'Christen'. En saam gaan hulle nou (volgens die HAT en PHAROS woordeboeke) baster kinders hê wat 'ontaard is deur kruising', en nie na een van hulle twee sal lyk nie; want die Almagtige se wet van 'soort volgens soort' sal hulle vir altyd agtervolg! Sy eerste gedagte toe hy haar in haar bruidsgewaad sien, was: "Deksels...bliksem, ek is so geseënd en so gelukkig!"

voorkeur het vir jou eie nie: of dit jou gesin, of jou eiendom, of jou volk, of jou kerk, of jou land, of jou ras is. Dit is jou mees basiese reg: die reg op voorkeur vir jou eie. En waar hierdie dinge van die nasionalisme gesê is, is dit ook waar, soos een van die skrywers oor genl. De Gaulle gesê het De Gaulle wat

waarskynlik in Europa die meeste uitstaande nasionalistiese figuur van na die Tweede Wêreldoorlog is.

De Gaulle se natuurlike impuls was nie net om nee te se nie, maar op sy gemak was alleen wanneer hy nee gesê het. Die nasionalisme moet die vermoë hê om nee te se vir die vreemde, vir die aantasting van 'n volk se wortels, vir die versperring van sy strewe. As 'n volk die vermoë verloor, het hy klaar sy eie aard verloën en word hy die prooi van sy vyande.

DROOGTE: SA SIT OP KRUITVAT

Suid-Afrika sit op 'n kruitvat weens die landwye droogte, die regering se verdelende uitsprake en geweldsmisdaad teen boere en plaaswerkers. So waarsku Johannes Möller, president van Agri SA. "Die landwye droogte is die grootste natuurramp in 30 jaar en gaan gepaard met werkverliese, verdere ekonomiese verval en maatskaplike onstabieleit.

Kenners voorspel dat ons water kan opdroog indien dit nie binne twee maande reën nie.

Maar ook in die natuur is daar waarskuwings. 'n Voëlkenner van Vanderbijlpark, Pieter Lewis, sê daar lê 'n bloedige somer voor as ons kyk na wat die vinke doen. Hulle bou gewoonlik hul nessies aan die suidekant van 'n boom en laat dit na ondertoe hang. Maar hierdie jaar bou hulle dit aan die oostekant en tussen die takke — soos in 1967 met daardie verskriklike droogte en hitte.

Ook moet ons kyk na die rysmiere, sê hy. Hulle het nie soos gewoonlik Maartmaand ophou kos insamel nie, maar dwarsdeur die winter daarmee voortgegaan. 'n Baie besliste teken dat daar later vanjaar geen 'kos' (gras) vir hulle sal wees nie.

Die Rietspruitdam naby Ventersdorp wat besproeiingsboere in die omgewing bedien, het tans slegs

1,28 persent water. Verlede jaar dieselfde tyd was dit 62,6 persent vol.

Die stand van ander damme is: Boskop – 69,94% (verlede jaar 101,1%); Elandskuil – 7,4% (teenoor 12,1%); Klerkskraal – 42,94% (teenoor 90,4%); Klipdrift – 67,6% (teenoor 92,6%) Potch dam – 45,87% (teenoor 63,5%).

In Deneysville in die Vrystaat het die Departement van Water en sanitasie Suid-Afrikaner gewaarsku om water spaarsamig te gebruik. Hulle het gesê dat een van die land se hoof watervoorraad, die Vaaldam, op die oomblik slegs 27% vol is. Dit is die laagste wat dit in jare was.

Bote is uit die water gehaal omdat die water so vlak is. Die inwoners sal binnekort baie meer vir water moet betaal. Amptenare sê dat hulle nog nie 'n waterkrisis verklaar het nie omdat hulle hoop op 'n goeie reënseisoen. Volgens die Weerburo is die kans baie skraal aangesien nog 'n droë seisoen meer waarskynlik is.

'n Mens wonder oor hierdie verskriklike droogte, maar is dit nie dalk nou die straf vir die Ja-stem in 1992 nie? Ons het verwag dat die Kaap sou sneuwel, maar dit was soos 'n skelm mokerhou toe ons verneem die Ja-stem het beide Vrystaat én Transvaal ook planke toe gestuur. Onder hulle was daar mense wat teen De Klerk se satansplan gestem het, maar by verreweg het die oorgrote meerderheid juigend Ja gesê. Ja vir rugby, ja vir krieket, ja vir tennis ... ag, sommer ja vir alles! Behalwe natuurlik vir God. Hy was nie eers in die prentjie nie!

En nou? Nou het die hemel yster geword en die aarde soos koper (Lev. 26:19), en niemand weet hoekom nie. Maar almal kla, soek na redes: dis klimaatsverandering; dis El Niño; dis onstabiele weerpattone; die maan staan verkeerd; die wind waai verkeerd.

In baie opskepskottels is daar alreeds net koue pap en koue stampmielies. Die krane het opgedroog, die damme is leeg. En ons wonder, wié dink nog aan daardie kruisie wat getrek is en waarmee hulle bewys het waar staan die Lewende God op hulle prioriteitslys en of Hy nog daarop verskyn?

Ironies dat dit juis bitter sleg lyk in die Vrystaat en groot dele van Transvaal. Terwyl boere landerye met verdorde mielies in Bothaville in die Vrystaat afgesny het, is misoeste in dié omgewing as die ergste in meer as 20 jaar beskryf.

Johan Rautenbach het gesê hy ploeg sy mielies in die grond, omdat hy niks anders daarmee kan maak nie. “Die mielies dra geen koppe nie, daar is geen voedingswaarde vir kuilvoer nie.” Wat insetkoste betref, verloor hy R8 000 per hektaar. By die graan-silo, waarvan hy ’n mede-eienaar is, ontvang hulle gewoonlik 45 000 ton mielies per seisoen. Hulle verwag om vanjaar ’n skamele 10 000 ton te ontvang.

“Meer as die helfte van die ooste is daarmee heen. Tati Schoeman, wat naby Rautenbach boer, sê mielies kan temperature van 32°C hanteer. Maar toe word dit 37°C en 38°C en die mielies is daarmee heen.

Hoewel boere verlede jaar ’n goeie jaar beleef het, sê hy, het hulle twee jaar gelede ook ’n misoes gehad. “Vanjaar het ons ’n katastrofiese misoes.

AARDSKOKKE

’n Reeks verwagte groot aardskuddings is reeds lank oor hulle tyd en daar word verwag dat hulle enige dag aktief kan raak. Mense soos Dr. Behzad Fatahi, ’n senior lektor van die UTS Geotechnical and Earthquake Engineering, is erg bekommerd oor wat hy voor hom sien in geologiese verslae en ’n mens kan

dit wat hy sê nie heeltemal ignoreer nie.

Volgens hom is daar ’n hele klomp aardskuddings van 6+ op die Rigterskaal in die Midde-Ooste, Indië, Sjina, Japan en die VSA wat reeds oor hulle tyd is. Daar is glo ’n paar foutlyne wat nog nie weer hulle energie vrygestel het nie en ten minste 5-10 is agterweë met hul aktiwiteite.

“Die vraag is nie of hulle aktief sal raak nie,” sê hy, “maar wanneer dit sal gebeur.”

Hy sê daar is ’n herhalingstyd vir aardskuddings en dat as hulle nie op hulle tyd aktief raak nie, dan is die volgende skudding net soveel erger. ’n Voorbeeld hiervan, volgens hom, is die skudding van 7.8 in Nepal waarin 8 000 mense dood is.

Hy sê die herhalingstyd het gekom en gegaan en niks het gebeur nie. Nou moet ons net wag tot dit wel gebeur en dan sal dit veel, veel erger wees as normaalweg.

Seismiese aktiwiteit kom die meeste voor rondom die rand van die ‘Stille Oseaan Plaat’ wat Nieu-Seeland, Vanuatu, die Solomon-eilande, Papua Nieu-Guinee, Japan, die Amerikas, en Indonesië insluit. Die San Andreas verskuiwingslyn in Kalifornië is die langste in die wêreld. Dit lê tussen die Stille Oseaan en die Noord-Atlantiese plate en is 1 300 kilometer lank. Die diepte van hierdie botsingsareas wissel tussen 0-700 km.

Sommige lande soos Japan, Chili, Meksiko, Peru en Nieu-Seeland, lê op die rand van die ‘Kring van Vuur’, ’n groep verskuiwingslyne wat in die vorm van ’n perdeskoen is. Die skudding in Japan in 2011 was bo 8 op die Richterskaal en het ’n tsunami veroorsaak wat die kernaanleg verwoes het. In Peru was daar ook ’n skudding van 7.9 op 15 Aug. 2007. Die episentrum was op die sentrale kus net wes van die hoofstad, Pisco, en 595 mense is daarin dood. Vir elke punt hoër as 6 is die skudding 30 keer groter.

Nuwe verskuiwingslyne het so onlangs as September 2010 ontstaan toe Christchurch in Nieu-Seeland deur 'n 7.1 aardskudding geskud is. Behalwe vir skade aan geboue, spoorlyne en paaie, het 'n nuwe verskuiwingslyn 3.5 meter wyd op die oppervlak ontstaan.

Italië lê op twee verskuiwingslyne.

Die aardskudding 6.2 in sentraal Italië het tot op die dag getref wat Vesuvius 79 n.C. jaar gelede uitgebars het en Pompeii en Herkulanus vernietig het. Dit was een van die mees katastrofiese vulkaniese uitbarsting in die Europese geskiedenis.

Die nees dodelike skudding sedert die begin van die 20ste eeu, was in 1908 toe 'n aardskudding, gevolg deur 'n tsunami, 80 000 mense in Reggio Calabria en Sisilië doodgemaak het.

Nadat nog twee aardskuddings van 6+ Italiaanse gebiede sedert 2009 getref het, het Mark Quigley, 'n professor van aardskuddingwetenskap aan die School of Earth Sciences aan die Universiteit van Melbourne, gesê dat 'Italië ondervind 'n aandkorsverbreding'. Die Oostelike Sentraal-Italië, sê hy, beweeg noordoos relatief tot Rome.

Dr. Fahati sê dit is onmoontlik om akkuraat die presiese tyd, plek en skaal van 'n aardskudding te voorspel. Gewoonlik kan 'n mens hulle meet slegs 1 minuut voordat dit gebeur, aangesien die aktiwiteit kilometers onder die grond is.

Dekades gelede is daar vir ons in Suid-Afrika gelieg toe hulle gesê het ons het geen verskuiwingslyne in ons land nie. Ons het en ons 'n hele paar swak plekke in die aardkors. Ons is dus nie gevrywaar van aardskuddings nie.

MENS WIL HUIL

Zimbabwe se bevolking van bedreigde jagluiperds het met 85% afgeneem in die laaste 15 jaar en daar is nou net nog ongeveer 170 oor.

In 1999 is Zim se jagluiperdbevolking op minstens 1 520 geskat. Ongeveer 1 200 hiervan is op kommersiële plase aangehou en 320 was in Nasionale Parkgebiede, volgens verslae van die Cheetah Conservation Project of Zimbabwe. Die waarneming is tussen 2013 en 2015 uitgevoer. Maar daardie getal het nou gedaal tot tussen 150-170. Dit sluit joing adollesente jagluiperds in. Robert Mugabe se grondhervorming het 'n drastiese impak op die jagluiperdbevolking gehad, aangesien swartes hulle voor die voet gevang en opgeëet of verkoop het.

EKONOMIESE STUIPTREKKINGS

Uit 160 lande waaroor daar berekening van besigheidskostes gedoen is ter wille van beleggings, het Suid-Afrika met 15 kerwe geval van posisie 58 na 73.

Suid-Afrika word deur die HUB, Roger Baxter van die Kamer van Mynwese, 81ste op 'n lys van 106 lande geplaas volgens huidige minerale beleidpotensiaal.

Sowat 67% van die 1 600 onder wie opnames gedoen is, het SA bestempel as 'n risiko vir mynbeleggings.

Met alles wat in die land gebeur, word SA nou beskou dat ons toenemend in gevaar verkeer om nie op ons enorme bronne te lewer soos belowe het nie. Baxter sê dat helder denke is wat nodig is vir die uitdaginge waarmee ons te doene het.

Maar helder denke gaan jou niks help as jy 'n dooie perd vir 'n wedren ingeskryf het nie.

Die Wêreldbank baseer sy ranglys op die vermoë van 'n land om ekonomies te groei deur die aanlok van beleggings en besighede wat hier wil open.

Die aanwending van dië maatreël tot SA se mynindustrie word verger deur die myne se stel unieke belggingskarakteristieke wat onder andere 'n hoë risiko-industrie met 'n baie lang inleidingstydperk vir produksie insluit.

ZIM HERVAT GRONDGRYP



'n Wit Zimbabwiese plaasboer is vir 12 maande tronk toe gestuur met die keuse van 'n boete van \$600 omdat hy geweier het om van sy plaas af pad te gee toe hy beveel is om dit te doen. Die veertigjarige Philip Valentine is voor doe hof gesleep op aanklag van oortreding van die wet op die besit van grondgebied. Hy is glo reeds in 2000 beveel om die plaas te verlaat, aangesien Mugabe dit aan Chief Zimunya oorhandig is. Mugabe het onlangs gesweer dat blankes nooit weer toegelaat sal word om grond in Zimbabwe te besit nie. Hy het verder bygevoeg dat blanke boere 'nou hulle ry moet kry'!

SKAAKSEL IN DIE MIDDE-OOSTE



Gebeure in die Midde-Ooste verloop soos 'n skaakspel. Die jongste is Rusland wat Amerika in 'n 'skaakmat'-posisie geplaas het; want terwyl Amerikaanse troepe in talle lande besig is om oorlog te maak en op die tuisfront alles in chaos is, het Poetin die Russiese volk gemobiliseer om aan 'n ongeëwenaarde militêre oefening deel te neem — 40 miljoen burgerlikes is binne enkele ure na bunkers dwarsoor Rusland verskuif as deel van 'n veiligheidsoperasie, sou daar 'n kernoorlog uitbreek.



Die Amerikaanse volk sal in so 'n geval totaal onvoorbereid en onbeskermend wees.

Deur Amerika se oorlogsugtigheid het reeds miljoene in die Midde-Ooste in lande soos Tunisië, Jemen, Libië, Irak en Sirië gesterf. Alle infrastrukture is vernietig en miljoene verhongerdes het reeds na Europa en elders gevlug en hulle vlug steeds.

Die ergste is dat die oorlog nou net langs Israel se Golan Hoogtes gesentreer is met Hezbollah en ander wat stelling inneem op die grens en dreig om Israel binne te val. Nog duisende is dood terwyl hulle probeer vlug het. Die ontberings is van die ergste van nog gesien is, met kinders die grootste lydende party.

Intussen gebruik Rusland 'n lughawe in Iran waarvandaan hy ISIL in Sirië aanval, Volgens 'n berig in die Internetpublikasie, Debka-file, is Russiese S-300 missiele na Iran gestuur om Amerikaanse vlugte oor kernaanlegte te verhoed.

Die ander groot probleem met hierdie oorlog, is dat Rusland en Turkye die Koerde, wat hunker na selfregering en onafhanklikheid, verhoed om in hulle doel te slaag. Amerika is veronderstel om die Koerde te help, maar lewer sulke swak ondersteuning dat die Koerde onttrek het aan Amerikaanse pogings in Sirië: Hieroor skryf Debka-file: 'Bitter Kurds Opt out of US-Led War on ISIS'.

Toe gebeur die ergste sedert die Koue Oorlog: Oor die naweek van 24/25 Okt. het Obama sy weermaghoofde bevel gegee om terug te slaan indien Rusland weer by 'n 'insident' in Sirië betrokke is.

Dat die VSA egter 'beplan' om juis so 'n 'insident' te skep, is reeds 'n uitgemaakte saak. Skaars twee dae later waarsku die VSA se weermagstafhoof, genl. Mark Milley, Rusland, China, Iran en Noord-Korea met die volgende woorde: "we will beat you harder than you've ever been beaten before!"

Onmiddellik daarna reik die Russiese minister van verdediging, Genl.-maj. Igor Konashenkof, 'n verklar-

ing uit waarin hy sê Rusland sal geen verdere 'foute' van Amerika in Sirië aanvaar nie. Op 17 Sept. het die VSA in 'n lugaanval op Dier ez Zor in Sirië 62 Siriese soldate gedood en meer as 100 beseer.

Obama wil verhoed dat die Amerikaanse verkiesing volgende maand plaasvind en Donald Trump as president gekies word. En die enigste manier waarop hy die verkiesing kan keer, is met 'n volskaalse oorlog teen Rusland.

Wat nou oor die wêreld aan die gang is, het gekom om te bly. Die onheil wat oor 'n breë front strek, neem steeds toe soos wat ons nader aan die Wederkoms beweeg. Inderdaad, ons leef in die laaste uur: "Want alles wat in die wêreld is – die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe – is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld. En die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, maar hy wat die wil van God doen, bly vir Ewig. Kinders, dit is die laaste uur; en soos julle gehoor het dat die Antichris kom, bestaan daar ook nou baie antichriste, waaruit ons weet dat dit die laaste uur is." 1 Joh. 2:16-18

DAG VAN ONHEIL

Wanneer gaan totale anargie uitbreek en waarvoor moet ons oplet?

'n Tyd gelede het Jan Lamprecht van African Crises 'n stuk geplaas wat gehandel het oor die groot hoeveelhede wapentuig wat die land binnestroom. Dit was vraghouers met wapens, tonne en tonne se patrone, ens. Die algemene media het dit natuurlik nie veel dekking daarvoor gegee nie. Selfs dit pla nie, wat wel pla is daardie wapens wat nie gevind is nie en dalk nooit gevind sal word nie. Die artikel beskryf dat daar n hele paar leë vraghouers was, maar dat talle nog vol wapens was. Dit is dus baie duidelik dat

'n derde party met baie invloed en geld reeds reg is vir groot moeilikheid en die tyd wat hulle kies is nie noodwendig waarvoor ons ons regmaak nie.

Elke Afrika oorlog en revolusie tot dusver is deur die CIA of 'n ander inligtingsnetwerk begin. Van die pionne wat hulle gebruik het, is o.a. Holden Roberto, Donald Stockwell (doodsengel van Afrika) Kenneth Kaunda ens. Holden Roberto was nie 'n Angolees nie maar 'n Kongolees en sy swaer Kenneth wat Zambia regeer het vir jare lank was ook nie 'n Zambier nie, maar ook 'n Kongolees, beide was in diens en betaal deur of die CIA of MI6 of een of ander duistere mag.

Met die uitbreek van revolusies in Egipte, Libië ens., was daar nie noemenswaardige vrae rondom waar hierdie 'rebelle' se vuurpyllanseerders, 20 mm lugafweermasjiengewere, grofgeskut en ander massa wapentuig nie, of by wie hulle dit gekoop het nie. Die vraag is hoe kry mense wat werkloos is en skaars kos het om te eet, dit reg om in besit te wees van miljarde rand se militêre toerusting en geld vir brandstof om van die een brandpunt na die ander te beweeg en sodoende teen hulle eie regerings finansies oorlog te voer? Op die TV sien ons gereeld dat waar hierdie revolusie uitbreek, die opstandelinge die mees gevorderde wapentuig gebruik wat geen privaat persoon op aarde in sy besit kan of mak hê nie. Dan maak die media ook sommer bekend dat 'besorgde Westerse lande' die arme rebelle e hulp gaan snel omdat die slegte diktator hulle wreed mishandel.

So gaan dit dan ook hier by ons. Die CIA en MI6 is lankal reeds besig om hulle wapentuig die land in te bring en dit wat die polisie al 'ontdek' het, is nie eens 'n fraksie van die werklike arsenaal wat opgeberg is nie. Met die inligting wat na ons kant toe deurgesnyfer het, kan ons tog min of weer bepaal wanneer die oomblik van waarheid gaan aanbreek.

Die eerste een is natuurlik die finansiële besluite, in ag genome dat die Oppenheimer-familie die fi-

nansiële bestuur van die land beheer het, moet ons hulle doen en late fyn dophou, want dit kan deurslaggewend wees. Nicky het reeds sy miljarde rande se bates uit die land verskuif en selfs uitgetree by sakeondernemings soos Anglo en de Beers, sover ons weet, het die Botswana regering 'n groot deel van die Oppenheimer de Beers-aandele bekom. die prys van goud en ander edelmetale sukkel die laaste klompie jare geweldig, en sou daar 'n revolusie of burgeroorlog in SA losbars, kan dit ten voordeel wees van iemand wat baie opgepotte minerale besit.

Daar is dus baie geldelike gewin op die spel om SA op die oomblik te destabiliseer, ons het dit reeds beleef met die aanblaas van stakings, die Marikana-insident wat ooglopend die platina pryse opgestoot het, ens.

Om te verklaar dat die regering stabiel is en die regerende party nie ernstige interne probleme het nie, is wensdenkery. Binne hul eie geledere is meer probleem as enige gevaar wat hulle van buite af het, as ons die tydskaal vat en die verbrokkeling op n grafiek trek, sal ons sien dat die ANC se eerste verbrokkeling begin het met die stigting van die UDM toe Bantu Holomisa afgestig het; later het die PAC alliansie ook versuur, en die stigting van Cope vanuit ANC geledere, en so ook klong Malema wat ook nog die verdeling veral onder die jongeres behartig. En as mens verder kyk hoe bankrot al die staatsinstellings en munisipaliteite is, dan is daar probleme op groot skaal. Projekteer ons die grafiek vorentoe, wys dit duidelik dat die toekoms vir die ANC nie so rooskleurig is nie, en vir Zuma wat verklaar het hy regeer tot Christus weer kom, gaan dit al minder moontlik wees tensy hy dit deur die loop van die geweer afdwing. Polities is dit dus nie so slegte idee om 'n noodtoestand af te kondig nie, want onder sulke omstandighede sal verkiesings nie moontlik wees nie. En sal hy oor diktatoriale magte beskik.

Zuma se oorname by Mbeki het geskied onder die voorskrifte en reëls van die CIA en MI6. Maar toe kry hy 'n 'aanbod' van die Guptas wat hy nie kon weier nie en die dag toe hy dit aanvaar, het hy ook sy eie doodvonnis geteken.

Die persentasie van 'n volk se jeug is 'n aanduiding van stabiliteit. Wanneer die jeugdige die 36% merk oorskry (ouderdom tussen 16 en 35) dan verhoog die kanse vir 'n burgerlike opstand/revolusie redelik baie. Met elke persentasie punt bo 36% verhoog die kanse eksponensieel baie meer, en wanneer jy oor die 40% kom, is dit basies onafwendbaar. SA is lankal verby die 40% van daardie getal, en dus is die bevolkingsamestelling uiters plofbaar vir 'n revolusie. Die geringste wat beheer verloor word in die handhawing van wet en orde, sal katastrofies wees.

Om baie vinnig 'n land total beheer te laat verloor, is om die elektrisiteitstoevoer af te sny. Op dag een sal dit maar net gewoonweg aangaan, want almal is reeds gewoond daaraan om tydelik sonder kragtoevoer te wees. Maar nou kom die jonge heer Siphon by die outobank, want hy het 'n Krismisbonus in die bank en dan is die bank af, die taxi wil Siphon ook nie 'n lift gee nie. want Siphon kan nie betaal nie, en so werk die verkeersligte ook nie omdat daar geen krag is nie en die verkeer is chaos. Nou raak Siphon moeilik en hy en Jafta en Klaas en Josef besluit om by die drankwinkel (waar niemand is nie, want hulle het nie meer krag of brandstof nie) in te breek en vir hulle 'n paar bottels drank te neem, Sara en Josafien besluit net daar dat hulle nie die geleentheid gaan mis nie en gaan vat vir hulle ook maar 'n ietsie by die winkel langsaan — 'n draadloos en televisie. En in 'n oogwink bestaan wet en orde nie meer nie.

Wees dus gereed — wanneer die krag afgaan en jy verneem dat dit op grootskaal is, weet dat die hel gaan enige oomblik losbars! Dan eers gaan jy beseef wat jy alles in plek moes gehad het om nie net veiligheid te kan handhaaf nie, maar ook dat jy moes

voorsorg tref om te oorleef. Die meeste huishoudings sal nie eens kerse vir meer as drie dae aanhou nie.... jou kredietkaart gaan nie werk nie want al die sisteme werk met krag.

'n Revolusie is onafwendbaar, maak nie saak hoe daarna gekyk word nie, en met alles wat nou in die land aangaan, is die tyd daarvoor ryp.

Maar nog lank voor so revolusie kan mens al bepaal wat en wie die massa se teikens gaan wees. In ons geval is dit twee ledig. Winkels, besighede, regeringsgeboue, toerusting en dan natuurlik die blanke, veral ou mense op afgeleë plekke. Want ons is in Afrika en dis in sy aard om te verwoes en te plunder wat die blanke tot stand gebring het.

Tunisië, Jemen, Egipte, Libië en ander lande het binne enkele ure van 'n vreedsame land in 'n volskaalse burgeroorlog ontaard; gaan kyk ook maar hoe maklik het Angola, Kenia, Zambië, Uganda en Mosambiek letterlik binne 'n oogwink verander — Anoniem.

NG KERK LOOP LEEG



Die NG Kerk het in die afgelope paar jaar amper 100 000 lidmate verloor en 12 000 sinode lede. In 2010 het Rapport in 'n hoofopskrif die skoknuus uitbasuin: "NG Kerk verloor 10 588 in 'n jaar." Maar vier

jaar later, in 2014, verloor die NG Kerk meer as 35 000 lidmate en volgens die statistieke in die 2014-jaarboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerke was dit die meeste lidmate wat die kerk nog ooit in sy geskiedenis in een jaar verloor het.

Dr Kobus Gerber beweer dat 'n belangrike rede is dat die NG Kerk "nie meer rassisme duld nie." Prof Nelus Niemandt is meer pragmaties: Daar is verskeie redes daarvoor: Afname in geboortes, emigrasie en algemene sekularisasie van die bevolking. Maar dis veral die kerk se verwerping van apartheid en die debat rondom die Belhar-belydenis wat baie lidmate so die jare in gemaak het dat hulle geloop het. Hulle is ook ontevrede met die manier van evangelieverkondiging en die feit dat preke deur die sinode geskryf word met hoofemas liefde, vergiffenis en versoening, en laastens is daar die kerk se algemene onvermoë om in mense se geestelike behoeftes te voorsien.

Dieselfde vraag wat ons vantevore aan De Klerk en sy Nasionale Party gevra het, is nou weer ter sprake, nl. as dit wat hulle gedoen het (die afskaffing van apartheid, ens.), dan so 'n goeie ding was soos wat De Klerk steeds volhou, en skaamteloos sweer dat hy dit wéér sal doen as die geleentheid hom net wil voordoen, waarom het die NP dan tot niet gegaan?

Dis nie net die NP wat uit die laer gedros het nie, maar van ons bekendste regsgeleerdes, professore, medici, wetenskaplikes, koerantredakteurs, sake-manne, onderwysers, predikante en ook die sogenaamde room van ons skrywers, het fluks die afdraaipad gevat.

Kort nadat Mandela vrygelaat is, het twee van ons Hertzogprysweners, Etienne van Heerden en André P. Brink, deelgeneem aan een van die ANC se reuseoptogte ter viering van hul nuutgevonde vryheid. Brink het later erken dat hy tydens die optog vir 'n swart kroeshaarnooi ogies gemaak het en 'n uur of wat later met haar in die bed gespring het.

Op sy beurt het Van Heerden weer verklaar: "Dit was so bevrydend, so wonderlik om na jare van apartheid 'n hand te kon uitsteek en te sê 'ek is jammer'. En agterna het hy by sy kinders gaan spog: "Dit was my bydrae vir 'n goeie saak..."

Watter goeie saak? wil 'n mens hom vra. En hoe op gods aarde is dit moontlik dat Van Heerden se 'goeie saak' só gou, só sleg kan ruik!

Die NG Kerk se 'goeie saak' het net so vinnig verrot, veral nadat die veroordeelde bedrieër, dief en leuenaar, Alan Boesak se Belhar-belydenis die NG Kerk gekoop het.

Terloops, Belhar het nogal 'n onsmaaklike geskiedenis wat dateer uit die dae van Jesaja. Dit was vir hom net so 'n liederlike turksvy! En die NG Kerk kan gerus hiervan kennis neem. Ek haal aan uit Jesaja se hemelvaart: 1:8-9 "En Balkira sal Sammael voor Manasse dien, en sal al sy planne uitvoer; en Manasse sal 'n dissipel word van Belhar eerder as van my. En daar is baie in Jerusalem en in Judea wat hy sal laat wegdraai van die ware geloof; en Belhar sal sy woning by Manasse maak en deur sy hande sal ek in twee gesaag word." 2:4-5 "En Manasse het sy eie hart weggedraai om Belhar te dien want die engel van wetteloosheid wat die heerser van hierdie wêreld is, is Belhar...Toordery en goëlery en waarsêery en voorbodes en hoerery en owerspel het vermeerder, asook die vervolging van die regverdiges deur Manasse en Balkira en Tobia die Kanaäniet." 2:11-13 "Nou Belhar het gaan woon in die hart van Manasse en in die harte van die prinse van Juda en Benjamin, en die koning se eunugs en raadgewers. En wat Balkira gesê het, het Manasse groot plesier verskaf en hy het Jesaja laat arresteer. Want Belhar was veral woedend vir Jesaja oor sy visioen, en oor sy blootstelling van Sammael, en omdat dit deur hom was dat die Geliefde Een se verlating van die sewende hemel bekend geraak het, en sy transformasie, en sy afdaal na die aarde, en die beeld waarin



Hy sou verander (dit is die beeld van 'n mens), en die vervolging waaraan Hy onderwerp sou word, en die folteringe wat die seuns van Israel op hom sou bring, en die roeping en opdragte van sy twaalf dissipels, en dat Hy voor die Sabbat gekruisig sou word aan die boom..." — (Vaandel Uitgewers 2004.)

Dis egter nie net in ons land wat die kerke tot niet gaan nie, maar ook in Europa. Sedert 2000 het Frankryk 33 Christen kerke afgebreek. In die plek daarvan het moskees verskyn soos paddastoele na die reën. Dit is 'n natuurlike gevolg van die feit dat daar minder en minder Christene in Frankryk is. Hulle word deur Moslems vervang wat tans 'n gemeenskap van tussen 5 en 7 miljoen is afhange van of 'n mens praat van die amptelike of nie-amptelike data. En hulle teel vinniger as die sprinkane hier by ons!

Die vrugbaarheid van Moslemvroue is baie hoër as enige ander groep. Die tweede rede is immigrasie. Baie immigrante wat na Frankryk kom, glo in Allah. Dus, as daar meer volgelingen van Islam in Frankryk is, sal daar meer moskees gebou word.

Verlede jaar het Dalil Boubakeur, die deken van die Groot Moskee in Parys, by die konvensie van die Unie van Islamitiese Organisasies van Frankryk (UOIF) die verdubbeling van die aantal moskees in Frankryk geëis. "Ons het 2 200 moskees en ons moet die getal verdubbel in twee jaar." Om sy versoek te regverdig, het hy opgemerk dat hierdie 2 200 moskees nie genoeg is vir die grootste Moslemgemeenskap in Europa nie.

Frankryk het sy kop in die oond gedruk en die gaskraan oopgedraai. Dis net 'n kwessie van tyd, tensy die hele Europa tot hulle sinne kom.

Dit is die gruwel van verwoesting (abomination of desolation), die altaar van Satan op die hoogste punt van die heiligdom van die Almagtige. Frankryk betaal vir sy misdade teen God. Slegs deur lyding sal

die volke leer dat God se juk lig is en maklik om te dra. Die juk van Satan sal hulle dit leer.

Siener se bloedige burgeroorlog lê en wag vir Frankryk, want slegs deur bloed sal daar redding kom.

Hierdie leegloop van kerke en die verval van die mens is duisende jare gelede reeds voorspel:

2Tes 2:3-4 "Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf, die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is."

HULLE KRY SWAAR

As swartes staak, dans en lag hulle omdat hulle kwaad is oor iets. Hulle kry glo op die oomblik baie swaar omdat hulle nie alles verniet kry nie en nou breek hulle alles wat hulle verniet gekry het af.

Die Congress of SA Trade Unions (Cosatu) begin 'n nuwe staking. Dit gaan glo oor die swaarkry waaraan die 'kwesbare' werkers daagliks blootgestel word. Die

sekretaris-generaal van die organisasie, Bheki Ntshalintshali, het gesê: "Die mynwerkers wat ons rykdom produseer en die ekonomie op hulle rûe dra, is nie daarmee gelukkig om net 'n fraksie te verdien van die surplus wat hulle produseer nie. Plaaswerkers wat ons voedsel produseer en die nasie voed, is kwaad oor die amper slawerny toestande waaraan hulle onderwerp word."

Dan kerm hy verder dat swartes wat in winkels werk nie basiese voordele kry nie en dat hulle 'n sukkel bestaan voer en beswaarlik genoeg verdien om vir



hulle vervoer te betaal. Sekuriteitswerkers, volgens hom die mense wat die wiele van die ekonomie aan die gang hou, kla oor hulle lang ure en pennies vir betaling.

En laaste op sy lys is die verpleegpersoneel, onderwysers en polisie wat voel dat hulle nie regverdig betaal word vir waardevolle diens nie. Net so terloops, 'n kleurling onderwyseres wat vir graad 1 klas gee, kry 'n salaris van R25 000 per maand. Wat is daarmee verkeerd? Swartes kla omdat hulle jammer gekry wil word sodat die witman vir hulle meer moet gee. Dis al waaroor dit gaan.

'n Polisieman het vir hom 'n huis gebou wat 94 keer sy jaarlikse salaris is en verlede jaar vir sy vrou 'n splinternuwe Rolls Royce as krismisboks gegee!

In die gehate apartheidsdae moes ons 'blanke' polisiemanne met 'n fiets, perd of Harley Davidson oor die weg kom, en is hy 'n hongerloon betaal.

JAPAN SKUD WEER

Japan is vir die tweede opeenvolgende dag deur 'n aardskudding getref. Daar was nie onmiddellike verslae van skade en beserings nie.

Die aardskudding was net af van die kus van Noord Japan, 167 km van Miyako Stad, volgens die VSA se Geologiese opname. Die Japanse Meteorologiese Agentskap was daar nie 'n bedreiging van 'n tsunami nie al was die aardskudding 10km onder seevlak

Die skudding het slegs een dag na die aardskudding van 5.3 gekom wat noordoos Japan net van die kus af van die Ibaraki prefektuur, net-net suid van Fukushima geslaan het.

Die manke Foekoesjima Daiichi kernkragaanleg, verniel deur 'n massiewe tsunami wat deur 'n aard-

skudding veroorsaak is, toon geen verandering in bestralingsvlakke na die skudding nie, is die amptelike inligting. Die aanleg word op die oomblik buite diens gestel.

Japan is reg op die plek waar die vier aardplate ontmoet en hulle ervaar 'n aantal relatiewe geweldadige skuddings elke jaar. Rigiede boureëls en die streng afdwing daarvan beteken dat selfs sterk skuddings min of dikwels geen skade doen nie.

Inteenstelling met hierdie nuutste skudding in die see, het die massiewe ondersese skudding in Maart 2011 'n ontsaglike tsunami na Japan se noordoostelike kus gestuur. Meer as 18 000 mense is dood of word vermis terwyl drie reaktors by die Foekoesjima-kernaanleg gesmelt het.

In April hierdie jaar het nog twee sterk aardskuddings Japan se Kumamoto prefektuur getref en dit is gevolg deur meer as 1 700 naskokke. Dit het 50 mense dood gelaat en wydverspreide skade aangerig.

ENERGIE

Wanneer jy 'n kombuishulp aanstel as minister van Energie, moet jy sekerlik onnosele besluite verwag. Die inligting wat volg, kom uit 'n video oor dié onderwerp.

In die video word verwys na 'n 'kernbom' wat vir SA beplan word en het betrekking op die verwoesting van ons ekonomie en wat die toekoms van geslagte vorentoe gaan ruïneer.

Die hoofdoena hier, is Tina Joemat-Petterson (haar ouers kon nie Patterson spel nie) wat in die geheim 'n interregeringsooreenkoms oor strategiese vennootskap en kern-samewerking met Rusland onderteken

het. Die kontrak is bindend vir 20 jaar en baan die weg vir 'n Russiese maatskappy, Rosatom, wat kernaanlegte in SA sal bou.

Rosatom is 'n staatsmaatskappy wat net soos Eskom deur die staat beheer word en is ook bekend vir wanbestuur en swak dienslewering. Die kernooreenkoms is in 2014 aangekondig op Rosatom se webtuiste en toe skielik weer verwyder. toe is daar gesê dit was 'n 'openbare betrekkingfout'.

Die SA staatsadviseur het gesê die voorstel moet onder Seksie 231.2 ter tafel gelê word vir bespreking, maar ons kombuishulp-minister het dit op aanbeveling van haar 'skoonmaker' ene Mogatli, onder Seksie 231.3 ter tafel gelê en so 'n parlementêre bespreking en goedkeuring uitgeskakel.

Beide Gordhan en Nene was onwrikbaar oor die besluit dat Suid-Afrika nie kernkrag kan bekostig nie, maar die kombuishulp het beter geweet. Nene, word gesê, was teen alles. Sy irrasionele afdanking en vervanging met die onbekende breekman, Van Rooyen ('n gunsteling onder die Gupta's), het die land miljarde rand aan beleggings gekos wat natuurlik weer 'n negatiewe inpak op ons gradering gehad het.

Die Guptas het 'n uraanmyn in dieselfde tyd gekoop wat agterdogtig lyk.

Hoor hoe slim is Petterssontjie: "Ons sal net implementeer wat ons land kan bekostig. 'The process is above board' en vry van enige moontlikheid van korrupsie. (Hier wil 'n mens hardop lag). Ons sal nie die proses aanjaag nie en sal aan al die moontlike nasionale en internasionale vereistes voldoen vir die nuwe bouproses."

Die World Nuclear Association het onlangs bekendgemaak dat daar reeds 8 nuwe reaktors bestel is vir Theyspunt in die Oos-Kaap tussen St. Francis en Oesterbaai.

Dit gaan nie oor werkskepping nie, maar oor geld wat uit die land gaan. Alexander Merton, president van Rosatom International Network, het uitdruklik gesê dat buitelandse valuta 50% van Rosatom se totale inkomste uitmaak. Volgens World Nuclear Association maak Rusland 2 roebels vir elke roebel wat hy in ander lande belê. Dit is dus duidelik dat Rusland voordeel sal trek en nie Suid-Afrika nie.

Het ons werklik soveel ekstra energie nodig? Die res van die wêreld is besig om kernaanlegte uit te skakel, soos in Swede en die VSA as gevolg van die geweldige hoë koste daaraan verbonde en werk aan die moontlikheid van sonkragoplossings wat goedkoper is en veiliger. Hierdie tegnologie is besig om vinnig te ontwikkel en beshgede en huishouding wat daarvan gebruik maak, gaan van die kragnetwerk af wat die aanvraag vir elektriese krag dus verminder en daar is dus baie min nodigheid vir kernkrag.

Die energie-ekspert, Anton Eberhard, stem saam: "Ons het reeds meer krag bestel as wat ons teen 2030 sal nodig kry. ... Al die kragaanlegte saam sal vir ons genoeg krag gee vir die volgende 15 jaar. En kernkrag is peperduur."

Dawie Roodt se kommentaar was: "Ons het nie 'n ooreenkoms soos hierdie nodig om die Suid-Afrikaanse ekonomie te sink nie. Ons is alreeds diep in die moeilikheid. As hierdie tot die ekonomie gevoeg word, is ek bevrees sal dit fataal wees."

Suid-Afrika sal R1.2 triljoen rand moet leen vir hierdie kontrak wat die kombuishulp geteken het. Dis genoeg vir 100 miljoen HOP-huise. Die terugbetaling sal R100 miljard per jaar wees. Dan sal daar niks meer gratis gegee kan word nie. Dit is die bedrag wat ons op die oomblik skuld en as ons geld moet leen (wat ons terloops nie meer kan doen nie) van Rusland en ander lande, sal ons 1.2 triljoen rand skuld. Dit sal 'n finisiele slagting tot gevolg hê en die kernooreenkoms sal ons totaal sink.

AMBASSADES SAL ONTRUIM WORD



Die swart joernalis, Andile Mngxitama, skryf op 12 Desember 2012 “Studente van revolusies is deeglik bewus daarvan dat ‘the revolution comes in the night like a thief’. Maar ‘n skrandere student sien al die tekens lank voordat die revolusie uitbreek. Die maghebbers sien dit nie raak nie en is dan geskok en glo hulle ondersteuners het hulle verraai.”

Hy beskou 2012 as die jaar waarin die finale revolusie in SA begin het. Eerstens, sê hy, was daar die Marikana-slagting, gevolg deur die Lenasia-sloping van huise, en laastens, die plaaswerkerstaking in De Doorns. Hierdie drie gebeurtenisse was, volgens Mngxitama, die afskop van ‘n volskaalse revolusie in Suid-Afrika wat nie meer gekeer kan word nie.

Mngxitama se waarskuwing omtrent die slagting by die Marikana-Wonderkop, sluit aan by Siener se gesig van 6 Maart 1914 waarin hy hierdie revolusie in drie fases voorspel het — dit sal ook die begin wees van ons volk sy laaste smeltkroes en suiweringsproses: “Aan Rustenburg se kant brand ‘n vuur anderkant die bult (die Marikana-Wonderkop) nie ver van Pretoria nie” (vuur is ‘n teken van geweld, bloedvergieting en doodslag). Hierdie is die eerste fase of die begin van die revolusie.

In die tweede fase sien hy ‘n Misvuur brand in Johannesburg (die nagaanval — in Siener se tyd was dit algemeen bekend dat swartes misvure maak, en gewoonlik ook net saans wanneer hulle klaar gewerk — hierdie gesig dui dus op geweld wat in die aand of nag in Johannesburg gaan uitbreek.) In die derde fase sien hy baie mense in Bloemfontein sterf “Aan Bloemfontein se kant is ‘n swart wolk vol mense” (Met genl. De la Rey se dood het Siener ook ‘n ‘swart wolk’ bokant Lichtenburg gesien — maar hierdie keer is die wolk ‘vol mense’ — baie gaan dus sterf. Terselfdertyd sien hy ‘Tussen ons borrel die potte’ (dis ‘n burgeroorlog).

‘n Hele aantal ander visioene van hom is in die afgelope 12 maande letterlik vervul of tans besig om in vervulling te gaan. En daar is oorgenoeg ‘tekens’ dat die blankes dalk spoedig eers werklik die Almagtige se swaard van vergelding oor hulle sal voel gaan. Diegene wat dink ons is reeds by daardie punt ‘waar jy nie jou hand voor jou oë kan sien nie’, moet maar weer ‘n slag gaan dink!

Desnieteenstaande al die liberaliste se oorwinnings en suksesse, kon hulle nie daarin slaag om ‘n klein handjievol wie se harte na regs neig (Pred. 10:2) ook op sleeptou te neem en te mislei nie. Soos Totius tereg sê: ‘Die wêreld is ons woning nie’. Want hierdie klein minderheid ken die spraak van hul Leier, hulle oor is daarop ingestel om die stem van Sy profete te hoor en te verstaan. Die dwaas wie se hart na links verloop het, ken Sy stem nie en verkondig daarom sy eie sotheid en kan net die stem van sy afvallige ‘leier’ hoor. (Spreek 12:23, Joh. 8:38).

Toe mnr. Boy Mussmann op ‘n dag vir Siener vra “Hoe is dit moeglik dat hulle (die afvallige dwase) nie kan sien dat hulle verkeerd is nie?” was sy antwoord: “Die Heer het hulle oog vir my gewys, dit was wit, soos ‘n dier wat blind is en dit peul uit. Ons kan hulle nie oortuig nie...”



Om nou te hoor wat een van ons profete vandag vir ons wil sê, moet ek teruggaan na 1992 toe ek twee briewe deur Boy Mussmann geskryf, uit Marble Hall van mnr. W.H. Boshoff ontvang het

Ons lees dat vreemde magte ons nog eendag vanuit die noorde gaan binneval; magte wat uit 'n mengelmoes van ras, taal en geloof sal bestaan. Onlangse gebeure laat my besef dat Siener waarskynlik verwys het na die VN magte se koms vanuit Zimbabwe. In dieselfde visioen sien hy ook dat "die blanke boere in Suid-Rhodesië (Zimbabwe) hier na ons kant toe vlug En as die laaste een padgegee het," sê hy, "dan begin óns dinge." Hierna verskyn 'n 'swart wolk (bloedvergiëting en dood) vanuit die Ooste (Rusland) en kruip oor Europa wat dit in 'n duisternis hul soos die nag'.

In vorige artikels het ons reeds berig dat VN troepe en wapentuig oraloor in Suid-Afrika opgemerk is; ons het selfs foto's gepubliseer van pantsers wat in werksinkels herstel word. Die volgende inligting oor die VN se bedrywighede in SA het al sedert 2012 tot nou toe die volgende 'uitgelek'. Daar is verskeie kampe vir die VN troepe toegerus met weermagtoerusting wat naby Snake Valley gestoor was. BAE Land Systems het heelwat nuwe pantservoertuie vir die VN maak — oënskynlik vir 'toekomstige operasies' in die land. Die voertuie wat vir dié doel vervaardig word, is, soos alle VN voertuie, wit geverf, maar vertoon SANW-nommerplate.

Valse gerugte is versprei dat die VN pantsers nodig was vir die 'beheer' van die Lesotho-verkiesing. En al wat ons tot dusver uit weermagkringe kon vasstel, is dat die VN hier is om bystand te verleen wanneer die Amerikaanse en ander ambassades, asook BBP die land moet verlaat sodra daar 'n totale kragineerstorting plaasvind.



INTEKENARE OP DIE VAANDELDRAER:

BETAAL AAN:

Brandwag Verspreiders

INTEKENGELD:

RSA R150

Namibië R180

Per epos: R120 per jaar

ONS ADRES:

Posbus 316, LADISMITH, 6655

Tel: 028-5512516 Faks: 086 2706347

BANKBESONDERHEDE:

Vaandel Uitgewers

Standard Bank

Rek. Nr. 188 263 217

Tak Kode: 051001



Posbus 316, Ladismith, 6655

Tel: 028 551 2516 Faks: 086-270 6347

Bestellings: verkope@vaandel.co.za

Navrae: info@vaandel.co.za